SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association

Plot 3, Mountain Drive 7 / Plot 3, 7 Mountain Drive, Derdepoort
Posbus / PO Box 1952, Montana Park, 0159
Tel: (012) 808-9300 Faks / Fax: (012) 808 9344
E-pos / Email: admin@sahunt.co.za Web: www.sahunters.co.za

Suid-Afrika se Grootste Bewaringsorganisasie - gefokus op Bewaring deur Volhoubare Benutting
South Africa's Largest Conservation Organisation - focussed on Conservation Through Sustainable Use

(SG04) 50M RANDSLAG (BANKRUS) POSLIGA

SPORTSKIETOEFENINGE DIEN AS VAARDIGHEIDSONTWIKKELING EN KWALIFISEER NIE VIR DIE GROOT 5 TOEKENNING NIE

1) Inleiding

Die SAJWV en SA Jag Sportskiet beskou randslag vuurwapens as kritiese belangrikste vuurwapens om jagters en sportskuts se vaardigheid te ontwikkel. Randslag-vuurwapens bied ook 'n baie kostedoeltreffende metode om skietvaardigheid buite die jagseisoen in stand te hou. Hierdie posliga- uitdaagskiet bied die geleentheid aan individue en takke om individueel of in spanverband deel te neem. Die doel van die posliga-skietoefening is om lede se sportskietvaardighede te verbeter. Lede is nie beperk tot een inskrywing per siklus nie. Net soos by die ander skietoefeninge, tel slegs 'n deelnemer se eerste poging vir die dag. Dit sal die kwalifiserende telling reflekteer. Deelname aan die posliga word erken as 'n aktiwiteit om toegewyde status te handhaaf.

Die posliga is by enige tak van die SAJWV aan die liga deelgeneem beskikbaar. Slegs die top individue en spanne sal na die finaal genooi word. Kwalifiserende skuts wat aan die posliga deelgeneem het sal aan die einde van die posliga-jaar na die nasionale sportskietkampioenskap genooi word waar skuts skouer teen skouer kan meeding. Die posliga ranglys word gebruik om te bepaal watter skuts na die nasionale kampioenskap genooi sal word. Die finaal sal in November/Desember geskiet word. Die kapasiteit van die fasiliteit waar die finaal gehou sal word sal bepaal hoeveel individuele skuts en spanne na die finaal genooi sal word. 'n Span bestaan uit vyf (5) skuts. Vir kompetisiedoeleindes sal die beste 4 tellings in aanmerking kom. Die posliga strek vanaf 1 Januarie tot 31 Oktober elke jaar.

2) Takke kan spanne in die volgende kategorieë inskryf

- Juniors: jong mans en dames <18 (word 18 in die kalenderjaar waarin die kompetisie plaasvind).
- Dames opeklas (Dames >18 en <65)
- Mans opeklas (mans >18 en <65)
- Senior Mans & Dames (>65)

3) Afstand

50m

4) Skietbaanveiligheidsreëls en Standaardbevele

Sien "Skietbaanveiligheidsreëls vir deelnemers" en "Standaardbevele op die skietbaan" - dokument vir laai, ontlaai en veiligheidsprosedures.

5) Visiere of teleskope –
Geen beperking op visiere of teleskope



6) Unieke veiligheidsmaatreëls

Geen

7) Vuurwapentipe

Randslag Gewere

Gewere word in 3 groepe geklassifiseer:
Slegs .22LR randslaggewere mag in die kompetisie gebruik word.

Randslag (Sporter): Jag tipe .22 moet 'n magasyngeweer wees tipies soos bv. Brno/ Krico/ Sako Remmington ens. Die "sporter" klas het egter 'n gewigsbeperking van 3, 75kg. [Die gewig word bepaal deur die geweer volledig met sy magasyn en teleskoop te weeg. Die geweer en teleskoopkombinasie mag nie die 3, 75kg gewigsbeperking oorskry nie.] **Teleskope:** Vergroting is onbeperk.

Ope klas: In die ope-klas kan skuts met bona fide skyfskiet swaarloop-gewere soos Anchuts, Walther, BSA, ens. op gelyke grondslag meeding. Daar is geen gewigsbeperking nie.
Teleskope: Vergroting is onbeperk.

Semi-outomatiese klas: Randslag semi-outomatiese Remmington, Browning ens. is in hierdie kategorieë toelaatbaar. Geen gewigsbeperking nie.

Ammunisie:
Slegs standaard snelheid, of subsoniese .22LR ammunisie word toegelaat ["Match"/ "Match Trainer tipes"]

8) Oefening

SG04-A	RANDSLAG (SPORTER):	50m;
SG04-B	OPE KLAS:	50m;
SG04-C	SEMI-OUTOMATIESE KLAS:	50m

Nadat skietpunt opgestel is kry skuts 5 minute om 'n aantal onbepaalde proewe te skiet en wapens te bevestig. Na afloop van proefskoete bevestig baanoffisier dat geen dwaal skote op tel digramme geskiet was nie, indien wel moet die gekanseleer word.

Die skietoefening bestaan uit 'n totaal van **25 skote op 50m met 'n tydsbeperking van 20 minute vir die 25 skote**. Die skut het die opsie om verdere onbeperkte proef skote te skiet (Geen addisionele tyd). Die totale telling word bereken deur die totaal van die **25 telbare skote** wat in die genommerde diagramme geskiet word, te bereken.

9) Ondersteuning

Die geweer mag voor en agter ondersteun word (russe voor en agter moet los wees van mekaar). "X-bags" en bi-pods word toegelaat. (Russe waar die voorste rus en die agterste rus met mekaar verbind is, is ontoelaatbaar).

10) Erkenning

Skietbalkies met onderste afsnypunte van onderskeidelik brons, silwer en goud: **150** (**60%), 175 (70%)** en **200 (80%)** is beskikbaar vir die skietoefening met 'n maksimum puntetelling van **250**.

11) Tellingadministrasie:

'n Erkende SAJWV skietkoördineerder moet die tellings via die tablet na hoofkantoor se databasis versend. Kwalifiserende skuts in die sportskietoefeninge kan lap-wapens by die skietverteenwoordiger aanvra.

12) Verkykers "Spotting Scopes"

Skuts mag verkykers en "spotting scopes" gebruik maak om skootplasing vas te stel.

13) Teiken

Die teiken is die S04 teiken en is by die SAJWV Jagterswinkel beskikbaar. Ware teiken grootte A3 (29.5cm x 42cm)



Figuur 1



(A) 'n Skoot wat buite die tel-area van 'n diagram val, se waarde is 4 punte.
(B) Waar die koeëlgat aan 'n lyn raak sal die hoër waarde aan die skoot toegeken word. [bv. 6]
(C) Indien daar meer as een skoot per tel diagram geskiet is, verloor die skut die hoogste teller en kry die laagste teller -1 punt per addisionele skoot, per diagram.
(D) Die totale telling wat behaal kan word, is 250. Proefskote word aan die linker- en regterkant van die teldiagram geskiet

Figuur 2:
(D2) Wanneer 'n skoot beide diagramme tref. Is die telwaarde vir beide diagramme 4 punte elk en verloor -1 punt per addisionele skoot, per diagram.

Proefskote word aan die linkerkant en aan die regterkant van die teldiagram geskiet Die oefening word vanaf 'n skiettafel vanuit 'n tipiese bankrus posisie geskiet.

Figuur 2